# Hoërskool Bergvlam

## Afrikaans EAT
## Graad: 12

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | : | __ Februarie |
| **Tyd** | : | 1 uur |
| **Punte** | : | 55 / 55 = 40 |

| | | |
|---|---|---|
| **Moderator** | : | E. Bothma |
| **Eksaminator** | : | L. Fullard |
| **Taak** | : | 4 [Toets 1: Mini-eksamen] |

# NASIENRIGLYNE

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**VRAAG 1**

1.1 Eindeksamen, matriekvakansie en wat jy daarna gaan doen. (3)

1.2 Comrades maraton. (1)

1.3 Meer onafhanklikheid, nuwe sosiale lewe en nuwe ervarings. (2)

1.4 As jy skouer aan die wiel sit en hard werk om te slaag/as jy iemand ongevraagd help. (2)

1.5 Ander mense wat jy vra om jóú te help / ouer / onderwysers / ander mense (1)

1.6 Jy trek tekkies aan om aktief te wees/Jy moet skouer aan die wiel sit en dinge doen. Dit beteken dat jy moet begin werk om jou matriek suksesvol te voltooi. (2)

1.7 Wanneer jy moeg raak of wanneer jy nie meer gemotiveerd is om aan te gaan nie, kan hulle jou help om weer rigting te kry / regte ding gesê (1)

1.8 Jy het dit honderd persent reggekry. (1)

1.9 Dit herinner ons in stresvolle tye dat die lewe werklik lekker smaak en dat elke dag ons nader bring aan ons doel. (2)

1.10 Hulle is die "meesters van motivering" (1)

**[16]**

**VRAAG 2**

2.1 a. Paleis vir ’n skopkoning / Morné Steyn en sy Christelle wys hul huis.(1)

b. Celine Dion doop tweeling; 27 kg ligter na net 4 maande / versot op my vier seuns (1)

c. Gasplanne in die Karoo / Vlieg na die hel, Shell! / Annelie van Rooyen / deurtrek van pyn… (1)

d. Kate Middleton word stylgodin soos Diana (1)

**[4]**

**AFDELING A: 20**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE**

1. Suid-Afrika / Suid Afrika
2. talentkompetisies
3. deelnemers
4. verhoë
5. veertig
6. ’n wenner aangewys is
7. dieselfde / identiese / soortgelyke
8. goed
9. balle
10. in
11. Skreeulelik (moet met hoofletter begin)
12. stokdoof
13. hemde
14. Tiener / Tienerseun / tienerjarige seun (moet met hoofletter begin)
15. beter
16. pratende
17. hondjies
18. vir
19. mooier
20. liewer
21. hanswors
22. traantjies
23. oë
24. stokkerige
25. beweginkies [25]

## AFDELING C: OPSOMMING
## VRAAG 4:
## ASSESSERINGSRIGLYNE ALGEMEEN

Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.
- Die aantal woorde moet deur die onderwyser getel word.
- Leerders verloor nie ŉ punt as hulle nie die aantal woorde aandui nie.
- As die woordlimiet oorskry word, word net gemerk tot die sin waarin die aantal bereik is. Die res van die opsomming word geïgnoreer.

**PUNTETOEKENNING**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir Taal
- Totaal: 10 punte

***DUI DIE PUNTE SO AAN: Feite (7) + Taal (3) = (10)***

**FEITE (7)**

- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte. (ŉ Volsin het ŉ werkwoord.)

**TAAL (− 0/1/2/3)**

Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders NIE DIREK aangehaal het NIE:

| | |
|---|---|
| 1 – 3 feite korrek | 1 punt |
| 4 – 5 feite korrek | 2 punte |
| 6 – 7 feite korrek | 3 punte |

Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders DIREK aangehaal het:

| | |
|---|---|
| 6 – 7 direkte aanhalings | 0 punte vir Taal |
| 1 – 5 direkte aanhalings | 1 punt vir Taal |

**FORMAAT**

Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied:

- puntsgewys onder mekaar.

**GETAL WOORDE**

- Kandidate MOET die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, word hulle NIE penaliseer met een punt NIE.

# PUNTE

1. Albei partye moet bereid wees om te erken dat hy of sy deel is van die probleem.
2. Probeer om net een probleem op ŉ slag op te los.
3. Moenie persoonlik raak nie/hanteer die probleem nie mekaar nie.
4. Jy moet kritiek kan ontvang.
5. Respekteer mekaar se persoonlikheid.
6. Jy moet ŉ goeie luisteraar wees.
7. Doen aan jou maat wat jy aan jouself gedoen wil hê.

**AFDELING C: 10**

**GROOTTOTAAL: 55 PUNTE**